# NG KERK REEBOK

# SONDAG, 16 AUGUSTUS 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

| | |
|---|---|
| **07:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens. |
| **Eredienste** | **08:00 Informele diens en 10:00 Tradisionele diens:** Richard van Wyk<br>**Skriflesing**: Matt 11: 25-30<br>**Tema:** *"Die groot uitnodiging: Kom na my toe!"*<br>**Spesiale Deuroffer:** *Christelike Lektuurfonds*<br>Digitale Uitsending **08:00**<br>https://youtube.com/live/OA9-ZJ8AYRo?feature=share |
| **09:00** | **JUNIOR EN SENIOR KATEGESE** |

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir koffie/tee en malvalekkers tussen die twee eredienste agter in die saal.

**WYKSBYEENKOMSTE IN DIE ONDERSKEIE WYKE**

*Lidmate kan die vrymoedigheid neem om ook die **wyksbyeenkoms in die Kerkgebou om 15:00 by te woon olv Paul du Plessis.***

*Wyksbyeenkoms vir **Reebokwyke R4a en R6 tot R11 kan om 15:00** wyksbyeenkomste bywoon in die Gemeentesentrum olv Martin Marx.*

***LERAARS EN AMPTENARE SAKE***

***Chris de Wet:*** *2, 15-30/8 gewone verlof*

**Deon van den Berg**: 17,24 & 31/8 gewone verlof

**MISSIONALE GEBEDSBEDIENING**

*Kobus van Zyl lei die volgende Getuienisdienste*

**16 Augustus 2026** – Kleinmond Gemeente

**23 Augustus 2026** – George-Suid Gemeente

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Aritha Matthews** (K2), wat op 19 Augustus haar **84ste** verjaardag vier,
- **Duppie du Pisani** (F6), wat op 20 Augustus sy **84ste** verjardag vier,

*"Dit is goed om die Here te dank... om in die môre u troue liefde te verkondig, en u trou in die nagte"* (Ps. 92:2-3)

## PROGAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG, 17 Augustus 2026**

**18:00 Bybelskool.** Ons begin met Levitikus.

**DINSDAG, 18 Augustus 2026**

**15:00 Erediens-Werkgroep** in die konsistorie**.**

**16:00 Kerssangdiens** vergadering in die konsistorie

**17:00 Pre-Advies** vergader in die konsistorie

**WOENSDAG, 19 Augustus 2026**

**17:00** Byeenkoms vir kreatiwiteit rondom die vormgewing van God se droom vir ons gemeente.

**18:00 Gebedsgeleentheid** in die Gemeentesentrum.

**DONDERDAG, 20 Augustus 2026**

REEBOK GEMEENTE **GHOLFDAG** BY GEORGE BUITEKLUB

**11:00 tot 12:00:** **Bloeddruk-kliniek** die moederskamer

**16:30** **Kooroefening**

**17:45** **Musiekgroep**

*Baie dankie aan almal wat tydens **Vrouedag en Lofprysingsaand** eetgoed saam gebring het kerk toe.*

***Vrydag, 28 Augustus 2026** kan daar weer **Melkkos** afgehaal word op die stoep by die groot kombuis. **R25** per bakkie!! Kontak **Elize Kieser 082 335 9478 of Christo 082 445 9888 vir bestellings!!***

## VOLGENDE SONDAG – 23 AUGUSTUS 2026

**BYBELSONDAG**

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**EREDIENS**

**08:00 Informele Nagmaalsdiens en 10:00 Tradisionele Nagmaalsdiens:** Richard van Wyk
**Skriflesing**: Eksodus 3:1-10
**Tema:** *"Die groot gebod: Liefde!"*
**Spesiale Deuroffer:** Plaaslike Diens van Barmhartigheid

**GEEN KATEGESE AS GEVOLG VAN NAGMAAL**

## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**FRAAI-UITSIG WYKE F1 TOT F5**

- **Jan Louw** (F3), sterk tuis aan na hospitalisasie.

**REEBOK WYKE R1 TOT R5**

- **Willem Louw** (R1), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Hannes Rijksen** (R2), word in Huis Loural versorg.

**REEBOK WYKE R1 TOT R11**

- **Ena Crozier** (R7), sterk tuis aan na 'n oogprosedure.
- **Hannelie Coetzee** (R8), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Leon Janse van Rensburg** (R10), ontvang behandeling en sterk tuis aan.

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.

**REEBOK WYKE 16 TOT R20**

- **Elmarie Els** (R16), sterk tuis aan na twee rugoperasies.
- **Ina Harrison** (R21), is tuis siek.
- **Karel Grové** (R21), sterk aan na 'n operasie.

**BUITEWYK**

- **Elina de Vos (Groenkloof)** sterk tuis aan na hospitalisasie.

**TERGNIET WYKE T1 TOT T9**

- **Ben Schoeman** (T1), sterk aan na 'n heupoperasie**.**
- **Poksie de Waal** (T1), sterk in Denneoord Step-Down George aan.

❖ **Helena Adams** (T5), sterk tuis aan na 'n knie-vervanging.

## ALGEMENE INLIGTING

**JEUG- EN VLEISTAFEL EN KERMIS-INLIGTING**

Die pasafgelope Jeug- en Vleistafel verkope het die volgende ingebring

| | |
|---|---|
| Jeug totaal | R 24 591 |
| Vleis totaal | R 126 055 |
| Kermis 2026 | R 520 684 |

*Baie dankie aan elke persoon wat die verskillende aksies ondersteun het. Sonder 'n samewerkende en ondersteunende gemeente sou dit nie moontlik gewees het nie. Alle eer aan ons Hemelse Vader.*




